



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 11 Februarie 2021

Gedagte van die week:

Die mens is die enigste wese wat kan lag én huil, want hy is die enigste van God se skepsels wat 'n besef het van hoe dinge behoort te wees en hoe dit is. (William Hazlitt, 1778-1830)

Vertrekpunt:

Matteus 26:1-5

Meditasie uit die teks:

My eerste gedagte by die lees van Matteus 26:2 het my geneem na hoe Jesus dit vir sy dissipels gesê het. Hoe sê 'n mens, "Oor twee dae word ek doodgemaak"? Ek weet nie hoe ek dit sou sê nie. Ek vermoed dit hang saam met hoe jy oor jou lewe dink. Jesus het van dag een af geweet hoekom Hy op aarde is en dat Jerusalem-toe-gaan, en Golgota-toe-gaan, deel van die ingeweefde "sadness" van sy lewe sou wees. Hy het nie daarteen baklei nie ... dalk net 'n klein, kort en intense oomblik in Getsemané se tuin. Ek dink dat alle mense wat erns maak met die vraag oor die hoekom van hulle lewe sal iewers in hulle lewe ook 'n donkerdraadjie "sadness" vind. Neem as voorbeeld die briljante rekeningkunde onderwyseres wat in die klaskamer 'n reuseverskil maak ... sy sou dalk met dieselfde briljantheid in die sakewêreld vir haarself baie meer bymekaar kon maak, maar daar is iets soos roeping waarby sy nie verby kon en kan kom nie. Neem as voorbeeld die ouer en gemiddelde broer wat in sy jonger en briljante broer se skaduwee moet leef. Jesus leer ons dwarsdeur sy bediening dat 'n mens in vrede moet wees met jou unieke ingeboude "sadness" en dat 'n mens dit moet omarm en aangryp as juis jou beste geleentheid tot groei. Jesus sê "JA!" vir sy kruis, sy "sadness", en vandag nog eer ons Hom daarvoor. Ek eer vandag elke briljante onderwyser(es) wat gekies het om te luister na die roeping wat nie noodwendig vir hulle die voordeel gebring het wat hulle andersins kon kry nie. Ek eer elke man wat ten spyte van die groter skaduwee wat sy broer oor sy lewe gegooi het, nie bitter en kwaad is nie, maar kies om die broederliefde te bewaar. 'n Mens word nie geken aan jou kruis nie, maar aan hoe jy dit dra. Die lydenstyd van Christus is 'n goeie tyd om hieroor na te dink.

Youtubeskakel:

Ons gaan vir eers nie reisgesprekke in ons kerkgebou hou nie en dit alleenlik via Youtube doen. Hier is jou skakel na Sondag, 14 Februarie 2021, se reisgesprek.

<https://youtu.be/rvOTIAS0meM>

Meditasie uit die lewe:

Ek sien altyd op daarteen om begrafnisdienste van mense wat ek nie geken het nie, te lei. So het ek ook Donderdag opgesien daarteen om die 86-jarige Leonore Coetzee se diens te lei, veral toe ek verneem dat 'n doedelsakspeler spesiaal ingevoer word om te speel terwyl haar kis in die kerkgebou ingedra word. Sy en oom Gert was 62 jaar lank getroud. Toe ek die brose oom Gert Donderdag vir die eerste keer in die kerkgebou se voorportaal ontmoet wou ek hom net vashou, want hy was vir my in daardie oomblik die toonbeeld van gebrokenheid. Buite het die doedelsakspeler op die gras gestaan en Highland Cathedral gespeel. Die kis het voor die preekstoel gestaan. Die diens het begin. Die vier kinders praat oor hulle ma. Sy het op vyftienjarige ouderdom matriek geslaag. Sy het daarna by Ikeys dierkunde studeer. Sy het vir WP hokkie gespeel. Sy was 'n goeie klavierpianiste. Sy was jare lank biologie-onderwyseres aan die Hoërskool Tygerberg. In haar huis het jy nie kaal bolyf geloop nie. Jy het nie met jou elmboë op haar etenstafel gesit nie. Haar dogter sê sy was 'n goeie storm wat deur hulle lewens gewoed en gewaai het. Sy het hulle van altyd af geleer dat alle mense gelykwaardig is en anderskleuriges was in hulle kinderjare gereeld by hulle aan huis. Haar oudste seun sê dat sy ma se laaste woorde aan hom, van agter die glasskerm in Tokai se Frail Care Centre, was "Bye bye my darling!" Hy sal dit nooit vergeet nie. Haar dogter sê haar ma het haar een hand teen die koue

skeidingsglas gedruk in 'n vergeefse poging tot aanraking en vir die verpleegster gesê, "Look at my daughter, isn't she magnificent!" Die dogter sluit toe haar huldeblyk af terwyl sy wys na 'n foto van haar ma, wat op die doodskis staan, en sê: "Look at my mother! Isn't she magnificent!" Terwyl die kis uitgedra word speel die doedelsakspeler "Amazing Grace ..." En ek is só bly dat ek hierdie vreemde vrou, wat dood is aan COVID-19, se begrafnisdiens kon lei. Ek dink nie ek sal dit gou vergeet nie. Soms moet 'n mens net "Ja!" sê om daarna verras te word met die mooiste oomblik!

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com